HOËRSKOOL NOORD-KAAP

GRAAD 12

EKONOMIE V2

JUNIE 2019

PUNTE: 150

TYD: 2 ure

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.

Kopiereg voorbehou

Blaai om asseblief

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord VIER vrae soos volg in die ANTWOORDEBOEK:

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Beantwoord TWEE van die drie vrae.
   AFDELING C: Beantwoord EEN van die twee vrae.

2. Beantwoord slegs die vereiste getal vrae. Addisionele antwoorde sal NIE nagesien word NIE.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf die vraagnommer boaan elke antwoord neer.

5. Lees die vrae aandagtig deur.

6. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.

7. Laat 2–3 reëls tussen onderafdelings van vrae oop.

8. Beantwoord die vrae in volsinne en maak seker dat die formaat, inhoud en konteks van jou antwoorde aan die kognitiewe vereistes van die vrae voldoen.

9. Gebruik slegs blou of swart ink.

10. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

11. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A (VERPLIGTEND)

VRAAG 1 30 PUNTE – 20 MINUTE

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–C) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.9 C.

1.1.1 Die minimum verdienste wat vereis word alvorens ŉ entrepreneur die mark verlaat, is ... wins.

A ekonomiese
B normale
C hoë
D lae

1.1.2 Kostevoordeelanalise kan ... pryse gebruik.

A mark-
B skadu-
C toegerekende
D afgeleide

1.1.3 Monopolistiese mededinging en monopolie verskil met verwysing na die volgende:

A Die vraagkurwe van ŉ individuele besigheid hel afwaarts van links na regs.
B Die MI-kurwe lê onder die GI-kurwe
C Toetrede tot die mark is gratis.
D Die vraagkurwe is dieselfde as die GI.

1.1.4 Die koste van ŉ goed of diens vir diegene wat dit skep, staan bekend as …

A koste voordele.
B ekonomiese koste.
C sosiale koste.
D private koste.

1.1.5 Vir elke addisionele eenheid verkoop deur die volmaak mededingende onderneming, sal totale inkome …

A afneem.
B toeneem.
C toeneem met dieselfde bedrag.
D dieselfde bly.

1.1.6 Produkte wat presies dieselfde is, staan bekend as ... goedere.

A heterogene
B homogene
C unieke
D gedifferensieerde

1.1.7 Monopolies sal 'n ... wins in die langtermyn maak.

A normale
B ekonomiese
C nul
D subnormale

1.1.8 'n Industrie met slegs twee produsente wat die mark beheer, staan as 'n … bekend.

A duopolie
B monopolie
C oligopolie
D tripolie (8 x 2) (16)

1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–I) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Langtermyn	A	hoeveelheid aangebied daal
1.2.2	Ewewig	B	die produk mengsel reflekteer nie verbruiker se smaak nie
1.2.3	Substitute	C	een besigheid stel die prys vas en ander aanvaar dit as die markprys
1.2.4	Prysleierskap	D	wanneer verskillende pryse gehef word vir dieselfde produk vir verskillende groepe
1.2.5	Mededingingstribunaal	E	alle produksiefaktore is veranderlik
1.2.6	Toedelings-ondoeltreffendheid	F	aanvaar of verwerp ondersoeke en aanbevelings
1.2.7	Prys diskriminasie	G	toegang word deur lisensiëring beperk
1.2.8	SAUK (SABC)	H	hoeveelheid gevra is presies gelyk aan die hoeveelheid aangebied teen 'n gegewe prys
		I	kan maklik vervang word

(8 x 1) (8)

1.3 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.6) in die ANTWOORDEBOEK neer.
(Afkortings en voorbeelde sal NIE aanvaar word nie)

1.3.1 ’n Instelling of meganisme wat kopers en verkopers van goedere en dienste byeen bring

1.3.2 Die wetlike reg waardeur die eienaar die eksklusiewe reg verkry om ’n produk te vervaardig of ’n spesifieke tegniek mag gebruik

1.3.3 ’n Onwettige handelsooreenkoms waar ’n goed teen ’n hoër prys verkoop word as die wetlik vasgestelde prysplafon

1.3.4 Die voordeel verkry deur ’n derde party, wat nie ingesluit is in die markprys nie

1.3.5 Die koste wat dieselfde bly selfs al verander die uitset

1.3.6 Die addisionele inkomste verdien wanneer verkope met nog een eenheid styg (6)

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

VRAAG 2: MIKRO-EKONOMIE 40 PUNTE – 30 MINUTE

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem enige TWEE eienskappe van oligopolistiese markte. (2 x 1) (2)

2.1.2 Hoekom is dit slegs moontlik om oor die langtermyn alle produksiefaktore af te wissel? (1 x 2) (2)

2.2 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

NUWE WYSIGINGS AAN WET OP MEDEDINGING

Die owerheid het die Wet op Mededinging, 1998 (Wet 89 van 1998) ingestel om mededinging te bevorder en die doeltreffendheid van die Suid-Afrikaanse ekonomie te verbeter. Die Mededingingskommissie, Mededingingstribunaal en Mededingingsappèlhof speel 'n belangrike rol in die administrasie van die Wet.

Maatskappye wat van samespanning verdink word, word ondersoek en indien hulle skuldig bevind word, word hulle swaar beboet. In die nuwe wysiging van artikel 73A van die Wet op Mededinging word voorsiening gemaak vir nuwe kriminele sanksies wat op individue toegepas gaan word.

[Aangepas uit Businesstech.co.za, 2016]

2.2.1 Watter instelling beboet maatskappye wat aan samespanning skuldig is? (1)

2.2.2 Wat is die rol van die Mededingingsappèlhof? (1)

2.2.3 Noem enige EEN doelstelling van die mededingingsbeleid. (2)

2.2.4 Hoe bevoordeel mededinging op die mark die verbruiker? (2)

2.2.5 Bespreek kortliks die sukses van die mededingingsbeleid van Suid-Afrika. (2 x 2) (4)

2.3 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



2.3.1 Identifiseer die wins maksimerende punt (byskrif) van die individuele onderneming. (1)

2.3.2 By watter punt of byskrif sal die industrie in ewewig wees? (1)

2.3.3 Onmskryf die begrip *prysnemer*. (2)

2.3.4 Skryf die area van dié wins/verlies, in die grafiek, neer. (2)

2.3.5 Verduidelik die helling van die vraagkurwe van die individuele onderneming. (2 x 2) (4)

2.4 Verduidelik kortliks *die aard van die produkte* onder monopolistiese mededinging. (8)

2.5 Hoe suksesvol is die markkragte om monopolieë te beïnvloed? (8)
[40]

VRAAG 3: MIKRO-EKONOMIE **40 PUNTE – 30 MINUTE**

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Noem enige TWEE voorbeelde van subsidies vir goedere. (2 x 1) (2)

3.1.2 Hoe verskil ekonomiese koste van rekeningkundige koste? (1 x 2) (2)

3.2 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

... LEEF OP GELEENDE GELD – EN TYD

Suid-Afrika se energie monopolie het aangekondig dat hulle meer wil vra vir elektrisiteit – maar wat hulle regtig doen, is om oorbelaaide belastingbetalers en verbruikers sovêr te kry om vir die maatskappy se uitbreidingsplan te betaal. In die proses wil dit voorkom asof hulle 'n omgewing skep waarin elektrisiteit so duur gaan raak dat groot verbruikers van energie nie hier sake wil doen nie.

[Bron: www.dailymaverick.co.za]

3.2.1 Identifiseer die maatskappy wat hierbo voorgestel word. (1)

3.2.2 Noem enige EEN faktor wat tot die tekort aan elektrisiteit in SA kon lei. (1)

3.2.3 Beskryf enige moontlike gevolge van die toename in elektrisiteit pryse. (2)

3.2.4 Ontleed die '*uniekheid van 'n produk* ' as 'n kenmerk van 'n monopolie. (2)

3.2.5 Verduidelik hoekom die monopolie nywerheid as ondoeltreffend beskou word. (4)

3.3 Bestudeer die kolomgrafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



3.3.1 Wat is die ekonomiese koste van projek B? (1)

3.3.2 Noem 'n voorbeeld van 'n sosiale voordeel by die bou van 'n teerpad. (1)

3.3.3 Verduidelik *kostevoordeel-analise* kortliks. (2)

3.3.4 Wat is die doel daarvan om 'n kostevoordeel-analise (KVO) te doen? (2)

3.3.5 Gebruik die volgende formule om die koste voordeel verhouding vir projek C te bereken:

KVV = Huidige waarde van ekonomiese voordele ÷ Huidige waarde van ekonomiese koste (4)

3.4 Onderskei tussen 'n *kunsmatige en natuurlike monopolie*. (2 × 4) (8)

3.5 Hoekom produseer regerings sekere goedere en dienste self? (8)
[40]

VRAAG 4: MIKRO-EKONOMIE **40 PUNTE – 30 MINUTE**

4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 Noem enige TWEE eienskappe van openbare goedere. (2 x 1) (2)

4.1.2 Hoe is 'n gebrek aan inligting 'n rede vir markmislukking? (1 x 2) (2)

4.2 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



4.2.1 Identifiseer die markstruktuur wat deur die grafiek voorgestel word. (1)

4.2.2 Teen watter prys sal die besigheid sy produkte verkoop? (1)

4.2.3 Wat sal die uitwerking op die totale inkomste wees indien die oligopolis sy prys van R10 na R12 verhoog? (2)

4.2.4 Verduidelik kortliks die vorm van bostaande vraagkurwe. (2)

4.2.5 Hoe kan firmas produkdifferensiasie suksesvol gebruik, as 'n vorm van nie-prysmededinging? (4)

4.3 Bestudeer die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

'n VERLIES ..... OM TOE TE MAAK OF NIE?

	Onderneming A	Onderneming B
Totale inkome (TI)	R5 000	R5 000
Konstante koste (KK)	R2 000	R2 000
Veranderlike koste (VK)	R4 000	R5 500
Totale koste (TK)	R6 000	R7 500
Totale verlies	-R1 000	-R2 500

4.3.1 Oor watter termyn word hierdie twee ondernemings bedryf? (1)

4.3.2 Noem 'n voorbeeld van 'n konstante koste. (1)

4.3.3 Identifiseer die onderneming wat sal toemaak. (2)

4.3.4 Om watter redes sal 'n onderneming toemaak? (2)

4.3.5 Wat, dink jy, is die implikasies van 'n sluiting? (4)

4.4 Verduidelik die maatreëls wat die regering kan implementeer om inkome-verdeling te verbeter. (8)

4.5 Hoe beïnvloed 'n kartel besighede en verbruikers negatief? (8)
[40]

TOTAAL AFDELING B: 80

AFDELING C

Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

STRUKTUUR VAN OPSTEL	PUNTE TOEKENNING
Inleiding • 'n Goeie begin is om die sleutel konsep wat in die vraag voorkom te definieer of om te omskryf. • Gee addisionele inligting om die onderwerp te ondersteun. • Moenie in die inleiding enige deel van die vraag insluit nie. • Moenie enige gedeelte van die inleiding in die liggaam bespreek nie. • Vermy om in die inleiding te sê wat jy in die liggaam gaan bespreek.	Maks. 2
Liggaam: **Hoofgedeelte:** Bespreek in detail / In diepte bespreking / Ondersoek / Bespreek krities / Ontleed / Vergelyk / Evalueer / Onderskei / Differensieer / Verduidelik / Assesseer / Debateer **Addisionele gedeelte:** Gee eie opinie / Bespreek krities / Evalueer / Evalueer krities / Trek 'n grafiek en verduidelik / Gebruik 'n grafiek en verduidelik / Voltooi die gegewe grafiek / Bereken / Bepaal / Vergelyk / Verduidelik / Onderskei / Vertolk / Debateer kortliks	Maks. 26 Maks. 10
Gevolgtrekking • Die gevolgtrekking is 'n samevatting van die onderwerp wat bespreek is in die liggaam en moet as 'n HOË-ORDE respons gesien word. • Die gevolgtrekking kan die vorm van 'n eie opinie, voorbeelde, argumente om die bespreking van die onderwerp in die liggaam te ondersteun of teen te staan. • Geen aspek van beide die inleiding en liggaam moet in die gevolgtrekking herhaal word nie.	Maks. 2
TOTAAL	**40**

VRAAG 5: MIKRO-EKONOMIE 40 PUNTE – 40 MINUTE

Bespreek volledig, sonder die gebruik van grafieke, die markstruktuur van 'n volmaakte mark. (26 punte)

Waarom is ewewigsposisies, in die volmaakte mark, oor die korttermyn nie volhoubaar oor die langtermyn nie? (10 punte) **[40]**

VRAAG 6: MIKRO-EKONOMIE 40 PUNTE – 40 MINUTE

- Bespreek die volgende oorsake van markmislukking sonder om enige grafieke te gebruik:
  - Eksternaliteite
  - Onvolmaakte markte ('Missing markets') (26 punte)

Verduidelik, met behulp van 'n grafiek, die uitwerking van 'n negatiewe eksternaliteit op produksievlakke. (10 punte) **[40]**

TOTAAL AFDELING C: 40
GROOTTOTAAL: 150